### *Die waarde van die vrye wil*

**61** Dus kom alles op hierdie aarde by die mense slegs maar op die vrye wil neer en op `n onderrig met die minste moontlike dwang. Hierdie leer is deur die Meester ook so geformuleer dat die verstand van elke welwillende mens wat dit maar éénmaal gehoor het, dit kan verstaan. Niemand kan hom daarom verontskuldig deur te sê dat hy die leer nie verstaan het nie. Want die gebod 'Jy moet Elohim liefhê bo alles en jou naaste soos jouself!' is so verstaanbaar soos wat dit maar kan kom! En as iemand daadwerklik hierdie kort, goed verstaanbare, maar tog allesomvattende leer toepas, dan sal hy vanuit sy hart sonder meer deur die Meester Self in alle wysheid gelei word, en so self leraar van sy naaste word. En so kan die een die ander sover saamneem totdat die Meester hom self beetkry en opvoed tot `n ware kind van Elohim.

[2] Dit is dan die ware uitleg van die heilige leer in die hemelse orde; alle verdere aanhangsels is uit die bose en bring aan die plante van Elohim se hemele weinig of geen seën nie. - Het jy alles goed verstaan?"

[3] **Cyrenius** sê: "Ja, ek het alles verstaan! Ek sien nou duidelik vir watter groot dinge hierdie aarde en haar mense deur Elohim voorbestem is, die enigste noodlottige ding daarby is dat daar egter naas die kinders van Elohim ook die kinders van die hel is, en hulle word in ‘n sekere sin in dieselfde skool opgevoed, en wel elkeen vir sy eie sfeer! Maar ek sien nou ook werklik in dat, gesien uit die oogpunt van die diepste hemelse wysheid, dit nie anders kan nie. Die Meester is egter wys, goed en almagtig genoeg om die hel ook eenmaal `n ander rigting te gee! Die ewigheid is regtig lank genoeg om tydens haar eindelose duur allerlei omstandighede te skep waardeur haar kinders hulle ten slotte tesame met hul verleiers en opvoeders sal moet oorgee!"

[4] **Beide engele** sê: "Jy gaan nou met jou veronderstelling al ver oor die horison van ons wysheid! Maar jy, as `n kind van die Meester, staan blykbaar nader aan jou Vader as ons wat maar Sy suiwer skepsele is, en daarom kan jy ook eerder `n suiwer goddelike behoefte in die hart waarneem as ons; maar ons weet ook dat niks by Elohim onmoontlik is nie. Verder kan ons jou daaroor ook geen woord meer sê nie.

[5] As jy meer hieroor wil weet, vra dan maar die Meester Self. Vir Hom is dit glashelder wat die toekomstige ewigheid diep verborge hou. Maar ons dink dat Hy, vanweë die skerpe ore van die satan, dit waarskynlik aan geen sterfling sal openbaar nie. Want die vyand het duisendmaal duisend ore, en as mens oor hom praat, moet mens heel behoedsaam wees en sal `n mens hom nie nog erger wil maak as wat hy alreeds is nie!"

[6] **Cyrenius** sê: "Ek verstaan dit! Ek sal dit dan ook nie met die Meester opneem nie!"

[7] **Ek** sê: "Jy hoef dit nie hardop te sê nie, want Ek hoor ook dit wat jy in jou hart heel in stilte sê en vra."

### *Die dink in die hart*

**62** **Cyrenius** sê: "Meester, met die dink in die hart wil dit by my nie heeltemal regkom nie, omdat ek al sedert my jeug gewoond was om met my kop te dink; dit lyk my haas onmoontlik om in die hart te kan dink! Hoe moet dit dan aangepak word om in die hart te kan dink?"

[2] **Ek** sê: "Dit is baie maklik en natuurlik! Alles wat jy jou maar kan indink en wil, volgens die gevoel in jou harsings kom eerstens vanuit die hart. Want elke nog geringe gedagte moet tog eers een of ander prikkel kry wat hom opwek. Nadat die gedagte in die hart deur een of ander noodsaaklikheid geprikkel en opgewek word, styg dit op na die harsings om deur die siel ondersoek te word. Sy sit dan die ledemate van die liggaam in die gewenste beweging, sodat die innerlike gedagte in woord of daad omgesit word. Dat `n mens ooit met sy kop sou kon dink, is werklik `n onmoontlikheid! **Want `n gedagte is `n suiwer geestelike skepping** en kan daarom nêrens anders ontstaan as slegs in die gees van die mens nie, wat in die hart van die siel woon en wat die ganse mens daaruit besiel. Hoe kan enigiets geskape word uit materie, al is dit hoe fyn ookal? Alle materie, dus ook die harsings van die mens, is tog slegs skepping en kan tog nooit skepper wees nie?! - Verstaan jy dit nou goed en voel jy nou dat geen mens iets in sy kop kan bedink nie?"

[3] **Cyrenius** sê: "Meester, ja dit voel ek nou baie lewendig! Maar hoe is dit dan? Nou voel dit werklik of ek altyd slegs maar in my hart gedink het! Merkwaardig! Hoe is dit dan nou? Ja, ek voel duidelike woorde in my hart, asof hulle uitgespreek word, en dit lyk vir my nou heeltemal onwaarskynlik dat dit moontlik is om in jou kop `n gedagte te kry!"

[4] **Ek** sê: "Dit is `n heel natuurlike gevolg van jou steeds meer en meer lewend wordende gees in jou hart, dit is die liefde tot My en deur My wat vir alle mense is.

[5] Maar by die mense waarby die liefde nog nie ontwaak het nie, ontwikkel die gedagtes hulle weliswaar ook in die hart, maar hulle word nie daar, omdat die hart te materieel is, waargeneem nie. Slegs in die harsings, waar die gedagtes uit die hart

stofliker word, word hulle deur die handelingsimpuls omgesit in beelde en dit vermeng daar met die beelde wat na hom toe kom vanuit die buitewêreld, via die uitwendige sintuie wat die harsingsvlakke daar ingegriffel het. In hierdie vorm is hulle vir die oë van die siel materieel en sleg en dit moet dan ook gesien word as die oorsaak van die slegte handelinge van die mense.

[6] Daarom moet elke mens eerste in die hart geestelik wedergebore word, omdat hy nie anders kan ingaan in die Ryk van Elohim nie!"

[7] **Cyrenius** sê vir Petrus wat langs hom staan: "Verstaan jy die wedergeboorte van die geestelike in die hart nou goed, en wat en waar die Ryk van Elohim nou presies is, waaroor Hy en beide engele steeds maar praat, en wat Hy vir ons in die toekoms beloof het vir ons geloof?"

[8] **Petrus** sê: "Sekerlik verstaan ek dit, want as ek dit nie verstaan het nie, sou ek nie hier gebly het nie, maar dan sou ek tuis vir my huis gesorg het. Maar, verhewe meester, soek tog in u eie hart, daar sal u gou meer vind as wat ek u in `n honderd jaar sou kon uitlê!

[9] Kyk maar na ons, Sy eerste leerlinge en getuies, of ons sigbaar baie met Hom praat! Tog praat ons meer met Hom as u en baie ander, **want ons praat suiwer en alleen in ons hart met Hom** en vra Hom honderde dinge uit, en Hy antwoord ons in helder, goed verstaanbare gedagtes, en so het ons `n dubbele wins. Want `n antwoord van die Meester in die hart van die mens is in `n sekere sin al `n deel van sy lewe, terwyl die uiterlike woord eers `n deel van die lewe moet word deur die uitgevoerde daad, ter wille van die oefening van die siel.

[10] Dus kan u, verhewe meester, dit aangaande die ding van satan ook in u hart vra, en dan sal die Meester in u eie hart die korrekte antwoord so stil en heimlik inbring dat satan met sy skerpe gehoor onmoontlik in staat sal wees om dit te hoor! En op dieselfde manier kan u ook die Meester vra oor die wedergeboorte van die gees in die hart, en oor die Ryk van Elohim, en u sal weldra so duidelik moontlik `n antwoord kry!"

[11] **Cyrenius** sê: "Ja, nou verstaan ek waarom julle - wat my al `n paar maal baie verbaas het - haas nooit met die Meester praat nie! Wel, ek sal dit probeer. As die Meester julle in die verborgene so barmhartig is, dan sal Hy dit vir my ook kan wees! Want dat ek Hom bo alles liefhet, blyk wel daaruit dat ek my uitgebreide en belangrike regeringsake intussen opgeskort het, en nou by Hom is en my siel voed met elke woord uit Sy gewyde mond!

[12] Ek glo ook dat ek, uit suiwer liefde vir Hom, meer doen en meer gedoen het as elkeen van julle, want ek ken Hom al as `n klein kindjie en ek het in die vreemde heidense land vir Hom, Sy ouers en broers gesorg! En terwyl julle slegs julle visnette vir Hom opgeoffer het, is ek, as Hy dit sou aanvaar, dadelik bereid om my hele wêreldse waardigheid af te lê en Hom dan as die minste onder julle getrou te volg, en elke oomblik van my lewe vir Hom en vir julle almal in die bres te gaan staan, soos wat ek al `n paar maal gedoen het. Desnieteenstaande dit wat my as gevolg daarvan maklik vanuit Rome kon getref het!

[13] Omdat ek dit alles doen uit suiwer liefde vir Hom, sal Hy my tog ook barmhartigheid laat vind, dit wat Hy julle in so `n groot mate gegee het!?"

[14] **Ek** sê: "Jy het dit alreeds, liewe vriend en broer van My! En na wat jy het hoef jy nie meer te soek nie en jy hoef jou nie meer daaroor te bekommer nie asof jy dit nog nie sou gehad het nie! Hou jou daarom kalm en probeer eers om in jou hart iets vir My te vra, en Ek sal die antwoord helder, duidelik, sinvol en goed verstaanbaar in jou hart lê, wat My werklik bo alles liefhet!"